Diureties-behandelde pasiënte: Ten einde die moontlikheid van skielike en ernstige hipotensie te minimaliseer wat mag voorkom binne die eerste 1 tot 5 uur na die aanvanklike dosis van RAN-PERINDOPRIL 4**,** moet diuretika onttrek word vir twee tot drie dae voordat met RAN-PERINDOPRIL 4 terapie begin word. By pasiënte waar diuretiese terapie nie onttrek kan word nie, word dit aanbeveel dat ‘n kaliumsout of ‘n kaliumsparende middel nie voorgeskryf word nie.

Nierinkorting

By pasiënte met nierinkorting, moet die dosis van RAN-PERINDOPRIL 4 aangepas word volgens die ernstigheid van die inkorting.

Die volgende dosis word aanbeveel:

Kreatinienopruiming	**Aanbevole dosis**
Tussen 30 en 60 mL/min	2 mg per dag

Perindopril is dialiseerbaar (70 mL/min).

Vir pasiënte op hemodialise, moet die dosis na dialise geneem word.

Lewerinkorting


Geen dosisaanpassing is nodig by pasiënte met lewerinkorting nie.

Metode van toediening

RAN-PERINDOPRIL 4 moet in die oggend voor ontbyt geneem word.

Om die tablet intakt uit die stulpverpakking te verwyder, druk die tablet liggies van die boonste na die onderste foelie en trek die aluminiumfoelie af.

Sien onderstaande prentjie vir leiding:



4.3 Kontraindikasies

- Hipersensitiwiteit teenoor perindopril of enige van die onaktiewe bestanddele gelys in afdeling 6.1.
- ‘n Geskiedenis van angio-edeem verwant aan vorige terapie met AOE-remmers of angiotensien-reseptorblokkeermiddels (ARBs). Hierdie pasiënte moet nooit weer hierdie medisyne ontvang nie.
- Oorerflike of idiopatiese angio-edeem.
- Hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie (HOKM).
- Ernstige inkorting van nierfunksie (kreatinienopruiming minder as 30 mL/min).
- Bilaterale renale arterie stenose.
- Renale arterie stenose by pasiënte met ‘n enkele nier.
- Aortiese stenose.
- Gelyktydige terapie met kaliumsparende diuretika soos spironolaktoon, triamtereen, amiloried (sien afdeling 4.5).

- Porfirie.
- Litiumterapie: Gelyktydige toediening met RAN-PERINDOPRIL 4 kan lei tot toksiese bloedvlakke van litium (sien afdeling 4.5).
- Swangerskap en laktasie (sien afdeling 4.6).
- Die gelyktydige gebruik van RAN-PERINDOPRIL 4 met aliskiren-bevattende produkte is teenaangedui (sien afdeling 4.4 en afdeling 4.5).
- Gelyktydige gebruik van fluorokinolone met RAN-PERINDOPRIL 4 is teenaangedui by pasiënte met matige tot ernstige nierinkorting.
- Gelyktydige gebruik van sakubitriel/valsartan (sien afdeling 4.5).
- Ekstrakorporeale behandelings wat lei tot kontak van bloed met negatief-gelaaide oppervlakke (sien afdeling 4.5)

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Indien ‘n vrou swanger sou raak terwyl sy RAN-PERINDOPRIL 4 ontvang**,** moet die behandeling dadelik gestaak word en oorgeskakel word na ‘n ander klas van antihipertensiewe medisyne (sien afdeling 4.3 en afdeling 4.6).

Stabiele koronêre vatsiekte

As ‘n episode van onstabiele angina pectoris (major of nie) gedurende die eerste maand van behandeling met RAN-PERINDOPRIL 4 voorkom, moet noukeurige bepaling van die voordeel/risiko gedoen word voordat behandeling kan voortgaan.

Hipotensie

RAN-PERINDOPRIL 4 kan ‘n daling in bloeddruk veroorsaak. Simptomatiese hipotensie is minder dikwels waargeneem in ongekompliseerde hipertensiewe pasiënte en sal meer waarskynlik voorkom by pasiënte wat volume-uitgeput is bv. deur diuretiese terapie, dieetsoutbeperking, dialise, diaree of braking, of wat erge renien-afhanklike hipertensie het (sien afdeling 4.5). By pasiënte met simptomatiese hartversaking, met of sonder geassosieerde nierinkorting, is simptomatiese hipotensie waargeneem. Die voorkoms is meer waarskynlik by daardie pasiënte met meer ernstige grade van hartversaking, soos gereflekteer deur die gebruik van hoë dosisse lusdiuretika, hiponatremie of funksionele nierinkorting. By pasiënte met verhoogde risiko van simptomatiese hipotensie, moet

inisiëring van terapie en dosisaanpassing noukeurig gemoniteer word. Soortgelyke oorwegings is van toepassing op pasiënte met iskemiese hart- of serebrovaskulêre siekte by wie 'n oormatige val in bloeddruk 'n miokardiale infarksie of serbrovaskulêre voorval as resultaat kan hê. As hipotensie voorkom, moet die pasiënt in die rugliggende posisie geplaas word en, as nodig, 'n intraveneuse infusie van 0,9 % natriumchloried ontvang. 'n Verbygaande hipotensiewe respons is nie teenaangedui vir verdere dosisse nie wat gewoonlik sonder moeite toegedien kan word sodra die bloeddruk verhoog het na volume uitsetting. By pasiënte met kongestiewe hartversaking wat normale of lae bloeddruk het, kan bykomende verlaging van die sistemiese bloeddruk voorkom met RAN-PERINDOPRIL 4. Hierdie effek word verwag en is gewoonlik nie die rede om behandeling te staak nie. As hipotensie simptomaties raak, kan 'n verlaging van die dosis of staking van RAN-PERINDOPRIL 4 nodig wees.

Aortiese en mitraalklepstenose/hipertrofiese kardiomiopatie

RAN-PERINDOPRIL 4 moet nie aan pasiënte met mitraalklepstenose gegee word nie en by obstruksie van die uitvloei vanuit die linker ventrikel soos vir aortiese stenose of hipertrofiese kardiomiopatie (sien afdeling 4.3).

Nierinkorting

In gevalle van nierinkorting (kreatinienopruiming < 60 mL/min), moet die aanvanklike RAN-PERINDOPRIL 4 dosis aangepas word volgens die pasiënt se kreatinienopruiming (sien afdeling 4.2) en daarna as 'n funksie van die pasiënt se respons op behandeling. Roetine monitering van kalium en kreatinien is deel van normale mediese praktyk vir hierdie pasiënte (sien afdeling 4.3).

By pasiënte met simptomatiese hartversaking, kan hipotensie as gevolg van die inisiëring van terapie met RAN-PERINDOPRIL 4 lei tot verdere inkorting van die nierfunksie. In hierdie geval word akute nierversaking, gewoonlik omkeerbaar, aangemeld.

By pasiënte met bilaterale renale arterie stenose of stenose van die arterie van 'n enkele nier, wat met RAN-PERINDOPRIL 4 behandel is, is verhogings in bloedureum en serumkreatinien waargeneem, wat omkeerbaar mag wees met staking van terapie. Dit is veral waarskynlik by pasiënte met nierinkorting. As renovaskulêre hipertensie ook teenwoordig is, is daar 'n verhoogde risiko van ernstige hipotensie en nierontoereikendheid (sien afdeling 4.3).

Sommige hipertensiewe pasiënte, met geen oënskynlike voorafbestaande renale vaskulêre siekte, het verhogings in bloedureum en serumkreatinien ontwikkel, veral wanneer RAN-PERINDOPRIL 4 gelyktydig met 'n diuretikum toegedien is. Dit is meer waarskynlik om voor te kom by pasiënte met

voorafbestaande nierinkorting. Dosisverlaging en/of onttrekking van die diuretikum en/of RAN-PERINDOPRIL 4 mag nodig wees.

Hemodialise pasiënte

Anafilaktoïede reaksies is aangemeld by pasiënte wat met hoë vloeimembrane gedialiseer word, en gelyktydig met ‘n AOE-remmer, soos RAN-PERINDOPRIL 4**.** By hierdie pasiënte moet oorweging daaraan geskenk word om ‘n verskillende tipe van dialise-membraan of verskillende klas van antihipertensiewe medisyne te gebruik.

Nieroorplanting

Daar is geen ondervinding aangaande die toediening van RAN-PERINDOPRIL 4 by pasiënte met ‘n onlangse nieroorplanting nie.

Hipersensitiwiteit/angio-edeem

Angio-edeem van die gesig, ekstremiteite, lippe, slymvliesmembrane, tong, glottis en/of larinks is aangemeld by pasiënte wat met AOE-remmers behandel is, insluitende RAN-PERINDOPRIL 4 (sien afdeling 4.3 en afdeling 4.8). Dit kan op enige tydstip tydens behandeling voorkom. In sulke gevalle moet, RAN-PERINDOPRIL 4 dadelik onttrek word en behoorlike monitering moet ingestel word en volgehou word totdat volledige opklaring van simptome plaasgevind het.

Angio-edeem geassosieer met laringeale edeem kan fataal wees. Waar daar betrokkenheid van die tong, glottis of larinks is, wat waarskynlik die oorsaak van lugwegobstruksie is, moet noodbehandeling onmiddellik toegepas word. Dit kan die toediening van epinefrien (adrenalien) en/of die instandhouding van ‘n sigbare lugweg insluit. Die pasiënt moet onder noukeurige mediese toesig wees totdat volledige en volgehoue opklaring van simptome plaasgevind het.

Pasiënte met ‘n geskiedenis van angio-edeem wat nie verwant is aan AOE-remmer terapie nie, kan ‘n verhoogde risiko van angio-edeem hê terwyl hulle RAN-PERINDOPRIL 4 ontvang (sien afdeling 4.3).

Intestinale angio-edeem is minder dikwels aangemeld by pasiënte wat met AOE-remmers behandel is. Hierdie pasiënte presenteer met abdominale pyn (met of sonder naarheid of braking); in sommige gevalle was daar geen vooraf gesigsangio-edeem nie en C-1 esterase-vlakke was normaal. Intestinale angio-edeem moet ingesluit word in die onderskeie diagnoses van pasiënte op AOE-remmers, soos RAN-PERINDOPRIL 4 wat met abdominale pyn presenteer.

Anafilaktoïede reaksies tydens lae-digtheid lipoproteïen LDL-aferese

Pasiënte wat AOE-remmers tydens lae-digtheid lipoproteïen (LDL)-aferese met dekstraansulfaat ontvang het, het minder dikwels lewensbedreigende anafilaktoïede reaksies ervaar. Hierdie reaksies is vermy deur tydelike terughouding van terapie met ‘n AOE-remmer voor elke aferese.

Anafilaktiese reaksies tydens desensitisasie

Pasiënte wat AOE-remmers soos RAN-PERINDOPRIL 4 tydens desensitiseringsbehandeling ontvang (bv. himenoptera gifstof), het anafilaktoïede reaksies ervaar. By hierdie pasiënte, kan sulke reaksies vermy word wanneer die AOE-remmers tydelik opgeskort word. Hierdie reaksies kan egter weer opduik met onbewustelike heruitdaging.

Lewerversaking

AOE-remmers word geassosieer met ‘n sindroom wat begin met cholestatiese geelsug en vorder tot skielike en ernstige hepatiese nekrose en (somtyds) sterfte. Die meganisme van hierdie sindroom word nie verstaan nie. Pasiënte wat RAN-PERINDOPRIL 4 ontvang wat geelsug of merkbare verhogings van hepatiese ensieme ontwikkel, moet die RAN-PERINDOPRIL 4 staak en behoorlik medies opgevolg word (sien afdeling 4.8).

Neutropenie/agranulositose/trombositopenie/anemie

Neutropenie/agranulositose, trombositopenie en anemie is aangemeld by pasiënte wat AOE-inhibeerders, soos RAN-PERINDOPRIL 4 ontvang het**.** By pasiënte met normale nierfunksie en geen ander kompliserende faktore, het neutropenie minder dikwels voorgekom. RAN-PERINDOPRIL 4 moet met uiterste sorg gebruik word by pasiënte met kollageen vaskulêre siekte, immuunonderdrukkende terapie, behandeling met allopurinol of prokaïenamied, of ‘n kombinasie van hierdie kompliserende faktore, veral as daar voorafbestaande ingekorte nierfunksie is. Pasiënte kan ernstige infeksies ontwikkel.

As RAN-PERINDOPRIL 4 by hierdie pasiënte gebruik word, word die periodieke monitering van witbloedseltelling aangeraai en pasiënte moet in kennis gestel word om enige tekens van infeksie (bv. seerkeel, koors) aan te meld.

Ras

AOE-remmers veroorsaak ‘n hoër mate van angio-edeem in swart pasiënte as in nie-swart pasiënte. RAN-PERINDOPRIL 4 kan minder effektief wees om die bloeddruk te verlaag in swart persone as in

nie-swart persone, moontlik as gevolg van 'n aangemelde hoër voorkoms van lae-renien toestande in die swart hipertensiewe populasie.

Hoes

Hoes is aangemeld met die gebruik van AOE-remmers, soos RAN-PERINDOPRIL 4. Kenmerkend is die hoes onproduktief, aanhoudend en klaar op na staking van terapie. AOE-remmer-geïnduseerde hoes moet oorweeg word as deel van die differensiële diagnose van hoes.

Chirurgie/narkose:

By pasiënte wat major chirurgie ondergaan of tydens narkose met medisyne wat hipotensie veroorsaak, kan RAN-PERINDOPRIL 4 angiotensien-II vorming sekondêr tot kompenserende renienvrystelling blokkeer. Die behandeling moet een dag voor die chirurgie gestaak word. Indien hipotensie voorkom en van mening is dat dit as gevolg van hierdie meganisme is, kan dit reggestel word deur toename in volume.

Hiperkalemie

Verhogings in serum kaliumvlakke het voorgekom by sommige pasiënte wat met AOE-remmers, insluitende RAN-PERINDOPRIL 4**,** behandel is. Pasiënte met die risiko om hiperkalemie te ontwikkel, insluitende die met nierinkorting, verslegting van die nierfunksie, ouderdom (>70 jaar), diabetes mellitus, lopende voorvalle, veral dehidrasie, akute kardiale dekompensasie, metaboliese asidose of die wat gelyktydig kaliumsparende diuretika (bv. spironolaktoon, eplerenoon, triamtereen, of amiloried), kaliumaanvullings of kaliumbevattende soutvervangers gebruik, veral by pasiënte met ingekorte nierfunksie, kan dit lei tot beduidende toename in serumkalium. Hiperkalemie kan ernstige, soms noodlottige disritmieë veroorsaak (sien afdeling 4.5 en afdeling 4.3).

Diabetiese pasiënte

By diabetiese pasiënte wat met orale antidiabetiese middels of insulien behandel word, moet glukemiese kontrole sorgvuldig gemonitor word gedurende die eerste maand van behandeling met RAN-PERINDOPRIL 4 (sien afdeling 4.5).

Dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroon sisteem (RAAS)

Daar is bewys dat die gelyktydige gebruik van AOE-remmers, angiotensien-II reseptor blokkeerders (ARBs) of aliskiren die risiko van hipotensie, hiperkalemie kan verhoog, en nierfunksie verlaag (insluitende akute nierversaking). Dubbele blokkade van RAAS deur die gelyktydige gebruik van RAN-PERINDOPRIL 4 en aliskiren is daarom teenaangedui (sien afdeling 4.3).

RAN-PERINDOPRIL 4 moet nie gelyktydig met aliskiren gebruik word nie (sien afdeling 4.3).

Die kombinasie van perindopril met sakubitriel/valsartan is teenaangedui as gevolg van die verhoogde risiko van angio-edeem (sien afdeling 4.3). Sakubitriel/valsartan moet nie geïnisieer word tot 36 uur na die laaste dosis van perindopril-terapie geneem is nie. As behandeling met sakubitriel/valsartan gestaak word, moet perindopril-terapie nie binne 36 uur na die laaste dosis van sakubitriel/valsartan geïnisieer word nie (sien afdelings 4.3 en 4.5).

Gelyktydige gebruik van ander NEP-inhibeerders (bv. rasekadotriel) en AOE-remmers kan ook die risiko van angio-edeem verhoog (sien afdeling 4.5). 'n Deeglike voordeel-risiko bepaling is daarom nodig voordat behandeling met NEP-inhibeerders (bv. rasekadotriel) geïnisieer word by pasiënte op perindopril.

Gelyktydige gebruik van mTOR-inhibeerders (bv. sirolimus, everolimus, temsirolimus:

Pasiënte wat gelyktydig mTOR-inhibeerders (bv. sirolimus, everolimus, temsirolimus) terapie gebruik, kan 'n verhoogde risiko van angio-edeem hê (bv. swelling van die lugweë of tong, met of sonder respiratoriese inkorting (sien afdeling 4.3).

Litium

Die kombinasie van litium en RAN-PERINDOPRIL 4 word oor die algemeen nie aanbeveel nie (sien afdeling 4.5).

Kaliumsparende diuretika, kaliumaanvullers of kalium-bevattende soutsubstitute:

Die kombinasie van RAN-PERINDOPRIL 4 en kaliumsparende diuretika, kaliumaanvullers of kaliumbevattende soutsubstitute word oor die algemeen nie aanbeveel nie (sien afdeling 4.5).

Primêre aldosteronisme:

Pasiënte met primêre hiperaldosteronisme sal oor die algemeen nie op anti-hipertensiewe medikasie deur inhibisie van die renien-angiotensienstelsel respondeer nie. Die gebruik van RAN-PERINDOPRIL 4 word daarom nie aanbeveel nie.

Gelyktydige gebruik van fluorokinolone:

Gelyktydige gebruik van fluorokinolone en RAN-PERINDOPRIL 4 kan akute nierskade (AK) by pasiënte presipiteer, veral die met matige tot ernstige nierversaking en bejaarde pasiënte (sien afdeling 4.3). Nierfunksie moet beraam word voordat behandeling geïnisieer word en gemonitor word tydens

behandeling, met gelyktydige gebruik van fluorokinolone en RAN-PERINDOPRIL 4 (sien afdelings 4.3 en 4.5).

Onaktiewe bestanddele

Pasiënte met seldsame oorerflike probleme van galaktose onverdraagsaamheid, totale laktase tekort of glukose-galaktose wanabsorpsie moet nie hierdie medisyne neem nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorme van interaksie

Medisyne wat hiperkalemie induseer

Sommige medisyne of terapeutiese klasse mag die voorkoms van hiperkalemie verhoog: kaliumsoute, kaliumsparende diuretika, AOE-remmers, angiotensien-II-reseptorantagoniste, NSAIGMs, hepariene, immuunonderdrukkende middels soos siklosporien of takrolimus, trimetoprim. Die kombinasie van hierdie medisyne verhoog die risiko van hiperkalemie.

Gelyktydige gebruik teenaangedui (sien afdeling 4.3)

Dubbele blokkade van die RAAS met ARBs, AOE-remmers of aliskiren:

Kliniese proefdata het aangedui dat dubbele blokkade van die renien-angiotensien-aldosteroonstelsel (RAAS) deur die gesamentlike gebruik van AOE-remmers, angiotensien-II reseptorblokkeerders of aliskiren geassosieer word met ‘n hoër voorkoms van ongunstige effekte soos hipotensie, hiperkalemie en verlaagde nierfunksie (sien afdeling 4.3, en afdeling 4.4).

Estramustien

Risiko van verhoogde ongunstige effekte soos angio-edeem.

Kaliumsparende diuretika (bv. triamtereen, amiloried), kaliumsoute

Hiperkalemie (potensieel noodlottig), veral tesame met nierinkorting (toegevoegde hiperkalemiese effekte).

Litium

Verhogings in serum litiumkonsentrasies en toksisiteit is aangemeld tydens gelyktydige toediening van litium met AOE-remmers soos RAN-PERINDOPRIL 4**.** Gebruik van RAN-PERINDOPRIL 4 met litium is teenaangedui (sien afdeling 4.3).

Aliskiren

By diabetiese of nierinkortingspasiënte, risiko van hiperkalemie, verslegting van nierfunksie en kardiovaskulêre morbiditeits- en mortaliteitstoename.

By pasiënte, anders as diabetiese of ingekorte nierfunksie pasiënte, kan die risiko van hiperkalemie, verslegting van nierfunksie en kardiovaskulêre morbiditeit en mortaliteit toeneem.

Ekstrakorporeale behandelings

Ekstrakorporeale behandelings wat lei tot kontak van bloed met negatief-gelaaide oppervlakke soos dialise of hemofiltrasie met sekere hoë-vloeimembrane (bv. poliakrilonitrielmembrane) en lae digtheid lipoproteïenaferese met dekstraansulfaat as gevolg van verhoogde risiko van ernstige anafilktoïede reaksies (sien afdeling 4.3). As sulke behandelings nodig is, moet oorweging daaraan geskenk word om ‘n ander tipe dialisemembraan of ‘n ander klas van antihipertensiewe middel te gebruik.

Sakubitriel/Valsartan

Die gelyktydige gebruik van perindopril met sacubitril/valsartan is teenaangedui aangesien die gelyktydige inhibisie van neprilisien en AOE die risiko van angio-edeem kan verhoog. Sakubitriel/valsartan moet nie tot 36 uur na die laaste dosis van perindopril-terapie begin word nie. Perindopril-terapie moet nie tot 36 uur na die laaste dosis van sakubitriel/valsartan begin word nie (sien afdelings 4.4 en 4.3)

Fluorokinolone en AOE-remmers/Renien-angiotensien reseptorblokkeerders

Gelyktydige gebruik van fluorokinolone en RAN-PERINDOPRIL 4 kan akute nierskade presipiteer (sien afdelings 4.3 en 4.4). Daar is aangemeld dat AKI voorgekom het kort nadat siprofloksasien aan pasiënte voorgeskryf is wat enalapril geneem het. Die interaksie tussen AOE-remmers en fluorokinolone om AKI te presipiteer is ‘n klaseffek vir alle AOE-remmers en nie slegs enalapril nie en ook ‘n klaseffek van alle fluorokinolone, nie slegs met siprofloksasien nie.

Gelyktydige terapie met AOE-remmer en angiotensien-reseptorblokkeerder

Daar is in literatuur aangemeld dat by pasiënte met bevestigde aterosklerotiese siekte, hartversaking, of met diabetes met eindorgaanskade, gelyktydige terapie met AOE-remmer en angiotensien-reseptor-blokkeerder geassosieer word met ‘n hoër voorkoms van hipotensie, sinkopee, hiperkalemie, en verergering van nierfunksie (insluitende akute nierversaking) vergeleke met die gebruik van ‘n enkele renien-angiotensien-aldosteroon- stelselmiddel. Dubbele blokkade (bv, deur ‘n AOE-remmer met ‘n angiotensien-II-reseptor antagonis te kombineer) moet beperk word tot individuele gedefinieerde gevalle met noukeurige monitering van nierfunksie, kaliumvlakke, en bloeddruk.

Ko-trimoksasool (trimetoprim/sulfametoksasool)

Pasiënte wat ko-trimoksasool (trimetoprim/ sulfametoksasool) gelyktydig neem, kan ‘n verhoogde risiko vir hiperkalemie hê (sien afdeling 4.3).

Gelyktydige gebruik wat spesiale voorsorg nodig het

Antidiabetiese middels (insuliene, orale hipoglukemiese middels)

Epidemiologiese studies het aangedui dat gelyktydige toediening van AOE-remmers en antidiabetiese medisyne (insuliene, orale hipoglukemiese middels) ‘n verhoogde bloedglukose verlagende effek kan veroorsaak met ‘n risiko van hipoglukemie. Dit kom voor asof hierdie verskynsel meer waarskynlik gedurende die eerste weke van gesamentlike behandeling en by pasiënte met nierinkorting voorkom.

Baklofen

Verhoogde antihipertensiewe effek. Moniteer bloeddruk en pas die antihipertensiewe dosering aan indien nodig.

Nie-kaliumsparende diuretika

Pasiënte op diuretika, en veral die wat volume- en/of souttekort het, kan oormatige afname in bloeddruk na aanvang van terapie met RAN-PERINDOPRIL 4 ervaar. Die moontlikheid van hipotensiewe effekte kan verminder word deur onttrekking van die diuretikum, deur verhoging van die soutinname voordat met terapie met lae en progressiewe dosisse van RAN-PERINDOPRIL 4 begin word.

By arteriële hipertensie, wanneer vorige diuretiese terapie sout/volume-uitputting kon veroorsaak het, moet die diuretikum gestaak word voordat met RAN-PERINDOPRIL 4 begin word**,** in watter geval ‘n nie-kaliumsparende diuretikum daarna weer toegevoeg word of daar moet met RAN-PERINDOPRIL 4 begin word teen ‘n lae dosering en geleidelik verhoog word.

By diureties-behandelde kongestiewe hartversaking, moet met RAN-PERINDOPRIL 4 teen ‘n baie lae dosis begin word, moontlik na verlaging van die dosis van die geassosieerde nie-kaliumsparende diuretikum.

In alle gevalle, moet nierfunksie (kreatinienvlakke) gemonitor word gedurende die eerste paar weke van RAN-PERINDOPRIL 4**-**terapie.

Kaliumsparende diuretka (eplerenoon, spironolaktoon)

Met eplerenoon of spironolaktoon teen dosisse tussen 12,5 mg tot 50 mg per dag en met lae dosisse van AOE-remmers:

In die behandeling van klas II-IV hartversaking (NYHA) met 'n uitwerpingsfraksie < 40 %, en voorheen behandeling met AOE-iremmers en lusdiuretika, is daar 'n risiko van hiperkalemie, potensieel dodelik, veral in geval van nie-nakoming van die voorskrifaanbevelings met hierdie kombinasie.

Voordat hierdie kombinasie geïnisieer word, kontroleer vir die afwesigheid van hiperkalemie en nierinkorting.

Noukeurige monitering van die kalium en kreatinien word aanbeveel in die eerste maand van die behandeling, een keer 'n week aan die begin en dan maandeliks daarna.

Nie-steroïdale anti-inflammatoriese geneesmiddels (NSAIGMs) insluitende aspirien ≥ 3 g/dag

Wanneer RAN-PERINDOPRIL 4 gelyktydig met nie-steroïdale anti-inflammatoriese geneesmiddels toegedien word is (bv. asetielsalisielsuur teen anti-inflammatoriese doseringsregimens, COX-2-inhibeerders en nie-selektiewe NSAIGMs), kan versterking van die antihipertensiewe effek voorkom. Gesamentlike gebruik van RAN-PERINDOPRIL 4 en NSAIGMs kan lei tot verhoogde risiko van verswakkende nierfunksie, insluitende moontlike akute nierversaking, en 'n verhoging in serumkalium, veral by pasiënte met swak voorafbestaande nierfunksie. Die kombinasie moet veral by bejaardes met versigtigheid toegedien word. Pasiënte moet voldoende gehidreer wees en oorweging moet daaraan geskenk word om die nierfunksie te monitor na inisiëring van gesamentlike terapie, en periodiek daarna.

Rasekadotriel

AOE-remmers (bv. perindopril) is bekend om angio-edeem te veroorsaak. Hierdie risiko kan verhoog word wanneer gelyktydig met rasekadotriel ('n medisyne wat gebruik word teen akute diaree) gebruik word.

mTOR-inhibeerders (bv. sirolimus, everolimus, temsirolimus)

Pasiënte wat mTOR-inhibeerders gelyktydig gebruik kan 'n verhoogde risiko hê vir angio-edeem (sien afdeling 4.4).

Gelyktydige gebruik wat spesiale voorsorg nodig het

Antihipertensiewe medisyne en vasodilatore

Gelyktydige gebruik van hierdie medisyne kan die hipotensiewe effekte van RAN-PERINDOPRIL 4 verhoog**.** Gelyktydige gebruik met nitrogliserien en ander nitrate, of ander vasodilatore, kan bloeddruk verder verlaag.

Gliptiene (saksagliptien, vildagliptien)

Verhoogde risiko van angio-edeem, as gevolg van dipeptidielpeptidase IV (DPP-IV) verlaagde aktiwiteit deur die gliptien, by pasiënte wat ook met 'n AOE-remmers soos RAN-PERINDOPRIL 4 behandel word**.**

Trisikliese antidepressante/antipsigotika/anestetika

Gelyktydige gebruik van sekere narkosemiddels, trisikliese antidepressante en antipsigotika met AOE-remmers soos RAN-PERINDOPRIL 4 kan tot verdere verlaging van bloeddruk lei (sien afdeling 4.4).

Asetielsalisielsuur, trombolitika, beta-blokeerders en nitrate

RAN-PERINDOPRIL 4 kan gelyktydig met asetielsalisielsuur (wanneer as trombolitikum gebruik word), trombolitika, beta-blokkeerders en/of nitrate gebruik word.

Simpatomimetika

Simpatomimetika kan antihipertensiewe effekte van RAN-PERINDOPRIL 4 verminder.

Goud

Nitritoïedreaksies (simptome sluit in gloede in gesig, naarheid, braking en hipotensie) word minder dikwels aangemeld by pasiënte op terapie met inspuitbare goud (natriumaurotiomalaat) en gelyktydige AOE-remmer-terapie, insluitende RAN-PERINDOPRIL 4**.**

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie

Swangerskap

Die gebruik van RAN-PERINDOPRIL 4 is teenaangedui tydens swangerskap. Swanger vrouens moet ingelig word oor die moontlike gevare vir die fetus en moet nie RAN-PERINDOPRIL 4 tydens swangerskap neem nie (sien afdeling 4.3). Pasiënte wat swangerskap beplan, moet oorgeskakel word na alternatiewe anti-hipertensiewe behandelings wat 'n bewese veiligheidsprofiel het vir gebruik tydens swangerskap. Wanneer swangerskap gediagnoseer word, moet behandeling met RAN-PERINDOPRIL 4 onmiddellik gestaak word en indien toepaslik, moet met alternatiewe terapie begin word.

Daar is aangemeld dat fetale blootstelling aan AOE-remmers tydens die eerste trimester van swangerskap geassosieer word met verhoogde risiko van wanvorming van die kardiovaskulêre (atriële en/of ventrikulêre septale defek, pulmonêre stenose, patent ductus arteriosus) en sentrale senuweestelsel (mikrokefalie spina bifida) en van nierwanvormings.

RAN-PERINDOPRIL 4 kruis die plasenta en dit kan aangeneem word dat dit versteuring in fetale bloeddruk regulatoriese meganismes veroorsaak.

Oligohidramnios asook hipotensie, oligurie en anurie in pasgeborenes, is aangemeld na toediening van RAN-PERINDOPRIL 4 gedurende die tweede en derde trimester. Gevalle van defektiewe skedelossifikasie is waargeneem. Prematuriteit en lae geboortemassa kan voorkom (sien afdeling 4.3). Suigelinge wat *in utero* blootgestel is aan RAN-PERINDOPRIL 4 moet noukeurig gemonitor word. Peritoneale dialise kan van geringe voordeel wees in die verwydering van RAN-PERINDOPRIL 4 vanuit die neonatale sirkulasie.

Borsvoeding

Veiligheid by laktasie is nie vasgestel nie (sien afdeling 4.3).

4.7 Effekte op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik

RAN-PERINDOPRIL 4 het geen direkte invloed op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik nie, maar individuele reaksies wat verwant is aan lae bloeddruk kan by sommige pasiënte voorkom, veral met die aanvang van behandeling of in kombinasie met ‘n ander antihipertensiewe middel. Die vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik kan gevolglik benadeel word.

4.8 Ongunstige effekte

Getabulleerde lys van ongunstige reaksies

MedDRA stelsel orgaanklas	**Frekwensie**	**Ongewenste reaksies**
Bloed- en limfatiese stelsel versteurings	Minder dikwels	Afnames in hemoglobien en hematokrit, trombositopenie, leukopenie/neutropenie, agranulositose of pansitopenie, eosinofilie, hemolitiese anemie.
Immuunsteselversteurings	Minder dikwels	Angio-edeem van die gesig, ekstremiteite, lippe, slymvliesmembrane, tong, glottis en/of larinks.
Metabolisme en voedingsvertseurings	Minder dikwels	Hiperkalemie, hiponatremie, hipoglukemie.
Psigiatriese versteurings	Minder dikwels	Gemoedsversteurings, slaapversteuring.
Senuweestelselversteurings	Dikwels	Duiseligheid, hoofpyn, parestesie, vertigo.

	Minder dikwels	Slaperigheid, sinkopee, verwarring.
Oogversteurings	Dikwels	Visuele versteurings.
Oor- en labirintversteurings	Dikwels	Tinnitus.
Kardiale versteurings	Minder dikwels	Palpitasies, tagikardie, angina pectoris, disritmie, miokardiale infarksie (sien afdeling 4.4).
Vakculêre versteurings	Dikwels	Hipotensie.
	Minder dikwels	Vaskulitis, beroerte moontlik sekondêr tot uitermatige hipotensie by hoë-risiko pasiënte (sien afdeling 4.4).
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	Dikwels	Hoes, dispnee.
	Minder dikwels	Brongospasma, rinitis, eosinofiliese pneumonie.
Gastroïntestinale versteurings	Dikwels	Diaree, abdominale pyn, hardlywigheid, disgeusie, dispepsie, naarheid, braking.
	Minder dikwels	Droë mond, pankreatitis.
Hepatobiliêre versteurings	Minder dikwels	Hepatitis, of sitolities of cholestaties.
Vel- en subkutane weefselversteurings	Dikwels	Pruritus, uitslag.
	Minder dikwels	Urtikarie, fotosensitiwiteitsreaksies, pemfigoïed, hiperhidrose, veelvuldige eriteem; psoriase verergering.
Muskuloskeletale en bindweefselversteurings	Dikwels	Spierkrampe.
	Minder dikwels	Artralgie, mialgie.
Renale en urinêre versteurings	Minder dikwels	Nierontoereikendheid, akute nierversaking.
Voortplantingstelsel- en borsversteurings	Minder dikwels	Erektiele wanfunksie.
Algemene versteurings en toedienplektoestande	Dikwels	Astenie.
	Minder dikwels	Borskaspyn, malaise, perifere edeem,

		pireksie, sweet.
Ondersoeke	Minder dikwels	Verhoogde bloedureum, verhoogde bloed-kreatinien, verhoogde bloedbilirubien, verhoogde lewerensieme.
Besering, vergiftiging en komplikasies rakende prosedure	Minder dikwels	Val.

Aanmelding van vermoedelike ongunstige reaksies

Aanmelding van vermoedelike ongunstige reaksies na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit verseker voortgesette monitering van die voordeel/risiko balans van die medisyne. Gesondheidsorgvoorsieners word versoek om enige vermoedelike ongunstige reaksies aan SAHPRA aan te meld *via* die "**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**", wat aanlyn beskikbaar is onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9 Oordosis

Sien afdeling 4.8.

Simptome van oordosis

Ernstige hipotensie, elektrolietversteurings en nierversaking.

Behandeling van oordosis

Behandeling is simptomaties en ondersteunend. Geaktiveerde houtskool kan in ernstige oordosering gegee word as die pasiënt binne 1 uur van inname aanmeld. Behandeling bestaan uit volume toenname om hipotensie te korrigeer en dehidrasie te behandel en elektrolietwanbalanse. RAN-PERINDOPRIL 4 is deur hemodialise verwyderbaar.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

Klas & Kategorie: A 7.1.3 Ander hipotensiewe middels

Perindopril inhibeer angiotensien-I-omsettingsensiem (AOE) aktiwiteit. Dit inhibeer die omsetting van die relatief onaktiewe angiotensien-I na die aktiewe angiotensien-II. Angiotensien-II is 'n kragtige

vasokonstriktor en stimuleer die vrystelling van aldosteroon. Verminderde angiotensien-II vlakke het ‘n daling in vasopressor aktiwiteit en ‘n afname in aldosteroon sekresie, met moontlike klein stygings in serumkalium, tot gevolg.

Daar word ook gedink dat AOE-inhibisie afbraak van bradikinien kan inhibeer wat tot verhoogde bradikinienvlakke kan lei.

Perindopril werk deur sy aktiewe metaboliet, perindoprilaat. Die ander metaboliete toon geen inhibisie van AOE-aktiwiteit *in vitro* nie.

‘n Afname in die sistoliese en diastoliese bloeddruk beide in die rugliggende en staande posisies is waargeneem. Die antihipertensiewe aktiwiteit is maksimaal tussen 4 en 6 uur na ‘n enkeldosis en word volgehou vir ten minste 24 uur.

In terme van die trog *versus* piek bloeddruk effek, wissel die trogeffek tussen 75 - 100 % van die piekeffekte.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie

Perindopril word goed geabsorbeer na orale toediening (piekkonsentrasie binne 1 uur) met groot tussen-pasiënt veranderlikheid. Die plasma halflewe van perindopril is gelyk aan 1 uur.

Die biobeskikbaarheid van perindoprilaat, die aktiewe metaboliet, is 27 %.

Die tyd om piek-serumvlak van perindoprilaat, die aktiewe metaboliet, te behaal, is binne 3 tot 4 uur en piek-farmakologiese aktiwiteit word binne 4 tot 6 uur behaal.

Die inname van voedsel verminder omsetting na perindoprilaat, en dus biobeskikbaarheid. Perindopril moet daarom oraal toegedien word as ‘n enkel daaglikse dosis in die oggend voor ontbyt.

Verspreiding

Die volume van verspreiding is ongeveer 0,2 L/kg vir ongebonde perindoprilaat. Proteïenbinding is gering (binding van perindoprilaat aan plasmaproteïene is 20 %, hoofsaaklik aan angiotensien-omskakelingsensiem), maar is konsentrasie-afhanklik.

Biotransformasie

Afgesien van die aktief perindoprilaat, lei perindopril tot 5 ander metaboliete, waarvan almal onaktief is.

Uitskeiding

Perindoprilaat word in die urine uitgeskei en die terminale half-leeftyd van die ongebonde gedeelte is ongeveer 17 uur, met gelykstaat binne 4 dae tot gevolg.

Eliminasie van perindoprilaat is stadiger by bejaardes, en ook in pasiënte met hart- of nierversaking. By sulke pasiënte moet dosisaanpassing gemaak word in verhouding tot die mate van vermindering in kreatinienopruiming.

Dialise-opruiming van perindoprilaat is gelyk aan 70 mL/min.

Perindopril kinetika word gemodifiseer in pasiënte met sirrose: hepatiese opruiming van die moederverbinding word met die helfte verminder. Die hoeveelheid van perindoprilaat wat egter gevorm word, word nie verminder nie en daarom is dosisaanpassing nie nodig nie.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van onaktiewe bestanddele

- Anhidriese kolloïdale silika
- Laktosemonohidraat
- Magnesiumstearaat
- Mikrokristallyne sellulose

6.2 Onverenigbaarhede

Nie van toepassing nie.

6.3 Rakleeftyd

36 maande.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring

Bewaar by of benede 25 °C in die oorspronklike verpakking, beskerm teen vog.

6.5 Aard en inhoud van die verpakking

Kartonne bevat 30 tablette verpak in kouevorm stulpstroke van 10 tablette elk. Kouevorm stulpstroke bestaan uit kouevorm stulplaminaat bestaande uit aluminiumfoelie (een kant blink, saggetemper, helder; dowwe kant lakgelamineer aan geörienteerde poliamiedfilm; helder kant lakgelamineer aan

PVC-film) PVC en poliamied met 'n rugkant van aluminiumfoelie bedek met hitte seëllak aan die binnekant.

Alternatiewelik word 10 tablette verpak in PVC-stulpstroke in 'n driedubbele gelamineerde aluminiumsakkie bestaande uit helder PVC-film met 'n rugkant van aluminiumfoelie bedek met hitte seëllak aan die binnekant. Drie sulke PVC-stulpstroke word verder in 'n driedubbele gelamineerde aluminiumsakkie met 'n droogmiddel verpak en verseël.

7. HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd

Lautreweg 14

Stormill, Uitbreiding 1, Roodepoort

Johannesburg,

1724.

8. REGISTRASIENOMMER:

42/7.1.3/0107

9. DATUM VAN DIE EERSTE GOEDKEURING/HERNUWING VAN DIE GOEDKEURING

18 April 2008

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

25 February 2022

Botswana: S2 Reg. nr.: BOT0101268

Namibië: NS2 Reg. nr.: 20/7.1.3/0348